
Pieter Hugo
Adjunkdirekteur:
Munisipale Vervangingsbefondsing



## Blomme

Hier deur die seisoene van liefde en vrede en geskenke en al daardie wonderlike positiewe dinge, gee ek 'n slag weer 'n lekker bos vrolike blomme vir my vrou. Sommer net, uit die bloute, seker oor ek lief is vir haar. Dalk net ook omdat ek die afgelope tyd 'n bietjie te veel gelees het en sy dalk 'n bietjie afgeskeep voel.

En sy blom. Vroue is mal oor blomme. Punt.

'n Vrou reageer op blomme amper soos wat sy op 'n babatjie of op klein katjies reageer. Behalwe dat blomme nie 'n vrou se moederinstink laat ontwaak nie. Vanuit 'n manlike oogpunt is 'n vrou se blommereaksie dus net positief, want daar is nie die oermoederreaksie wat mans per definisie as mindere wesens uitsluit nie.

Maar manne, pasop. As jy nie streng hou by die reëls van blomme gee nie, kan haar blommereaksie alles behalwe positief wees. Ja, blomme kan net so plofbaar soos bomme wees.

Die goue reël is, gee net vir jou meisie/vrou blomme as jy dit regtig graag wil gee as blyk van hoe lief jy vir haar is. As dit vir 'n ander vrou, soos 'n kollega, is, gee jy die blomme as 'n blyk van waardering, natuurlik. Moet nooit, ooit om enige ander rede blomme vir 'n vrou gee nie. Punt.

Moet nooit blomme gee as boetedoening nie. So gou soos nou gaan die situasie ontwikkel dat die vrou in jou lewe lont ruik elke slag as jy met blomme by haar aankom. Sy sal onmiddelik dink, 'Wat het hy nou weer gesondig?' En dan begin sy snuffel en torring tot sy die waarheid uit jou kry. Wat het jy daarvan? Jou blomme word net nóg 'n begrafnisruiker op die graf van nóg 'n stuk van julle verhouding.

Moet ook nooit blomme gee om jou geliefde sag te maak omdat jy 'n guns of 'n moeilike besluit uit haar wil kry nie. 'n Vrou sal baie gou agterkom wat jou modus operandi is en daarna elke slag agterdogtig wees as jy blomme gee. Dan ontaard blomme in 'n gemors en in geldmors.

Maar pasop, selfs manne wat blomme vir die regte redes gee, moet ook versigtig trap. Stel jou voor jy is op 'n erg verliefde stadium. Dan voel jy sommer elke dag na blomme gee. Moenie. Blomme is nogal duur, maar dis nie net oor die geld nie. As jy te gereeld blomme gee, raak dit baie gou by jou geliefde 'n gewoonte om blomme te ontvang. En hoe gaan jy dit dan eendag regkry om af te skaal sonder om verhoudingskuddende emosies en suspisies te ontketen?

Laastens. Moenie vir jou skoonma 'n begrafnisruiker koop nie. Die kanse is goed dat dit verkeerd geïnterpreteer word. Veral as sy nog lewe.

Gaan eerder na jou plaaslike biblioteek en kyk wat Emsie Schoeman oor skoonma's te sê het in **Goeie maniere en etiket**. As jy haar raad volg mag die nuwe jaar dalk vir jou so vrolik blom soos Namakwaland in 'n goeie jaar.